## KREATIWITEIT

### 1. INLEIDING

Eerstens sal ek uitlig hoe die KABV hierdie elemente aanspreek as vereistes vir die onderrig van Afrikaans Gr 4-9. Daarna sal ek beskryf wat die onderwyser se rol kan wees om kreatiwiteit te stimuleer en ontwikkel.

### 1.1 Wat sê die beleidsdokumente oor kreatiwiteit?

Om te sien of ’n leerder kreatief kan dink, is assesseringstandaarde soos volg uitgespel deur ‘n vorige beleidsdokument (HNK, 2002, Gr R-9):

- visualiseer, voorspel, fantaseer en empatiseer om betekenis te skep en probleme op te los;
- verbeel moontlikhede en alternatiewe om denke uit te brei (stel hipoteses en spekuleer);
- oorweeg verskille en gebruik dit skeppend en konstruktief (soos verskille in ervaring, kultuur, belangstellings en persoonlikheid);
- skryf eksperimenteel om idees, gevoelens en verbeeldingservarings te verken.

Volgens die KABV vir Gr 4-6 (2010, bl.8) bevorder die huistaalvlak leerders se literêre, estetiese en verbeeldingryke bevoegdhede sodat hulle oor die vermoëns beskik om hulle leefwêrelde te herskep, beter te begryp en hul verbeelding te gebruik.

Die woorde “kreatiewe skryf” en “verbeeldingryk” word dikwels in die genoemde beleidsdokument gebruik, maar nêrens word uitgespel wat die betekenis hiervan is nie. Daar word wel aan die einde by die woordelys gemeld dat “kreatiewe denke **–** die denkproses oor idees of situasies op skeppende en ongewone maniere (is), met die doel om die situasie of idee beter te verstaan en op ’n nuwe en konstruktiewe manier daarop te reageer” (bl. 106). Verder word gedigte, kortverhale, fabels, mites, legendes en dagboekinskrywings genoem as kreatiewe tekste wat leerders moet kan skryf. Jeugverhale, volksverhale en

Kreatiewe skryfwerk moet volgens die KABV (Gr 4-6, bl. 10) nou aansluit by die studie van enige literêre teks. Skryfaktiwiteite, wat ’n deeglike begrip van die voorgeskrewe literêre tekste vereis, help leerders om voorgeskrewe letterkunde beter te waardeer. Klasbesprekings is sinvol indien elke leerder daaraan deelneem, maar klasbesprekings wat tot skryfaktiwiteite lei, is meer waardevol en dit bevorder die onderrig van die lees-, skryf- en taalvaardighede.

**Die volgende soorte kreatiewe skryftekste word voorgeskryf sedert 2010** (KABV, Gr 7-9, bl 41):

#### 1.1.1 Verhalende opstel

Die skryf van ’n verhalende opstel handel oor die aanbied van ’n reeks gebeure in ’n sinvolle volgorde. Die volgende is moontlike kenmerke van ’n verhalende opstel:

- Skryf ’n storie/’n gebeurtenis uit die verlede/fiksie.
- Gebruik ’n oortuigende storielyn.
- Gebruik gewoonlik die verlede tyd, maar baie skrywers gebruik die teenwoordige tyd om ’n gevoel van die hede te skep.
- Die inleidingsparagraaf moet boeiend wees.
- Oordink ’n punt wat gemaak word.
- Gebruik ’n ongewone einde.
- Verseker volgehoue belangstelling met styl, retoriese meganismes en stygende spanningslyn.

• Beklemtoon sensoriese besonderhede.
• Gebruik beskrywende elemente.

**1.1.2 Beskrywende opstel**

Beskrywing word dikwels gebruik om atmosfeer en stemming te skep. Films doen dit visueel en skrywers doen dit met woorde. Die keuse van die woorde word merendeels bepaal deur die konnotasies van woorde eerder as die akkuraatheid van die denotasie.
• Beskryf iemand/iets om die leser toe te laat om die onderwerp intens te ervaar.
• Skep ’n prentjie in woorde.
• Kies woorde en uitdrukkings versigtig sodat dit die gewensde uitwerking kan hê.
• Gebruik beelde van sig, klank, gehoor, smaak en aanraking.
• Gebruik beeldspraak/stylfigure.

**1.1.3 Dagboekinskrywing**

’n Dagboek is ’n uitbeelding van daaglikse gebeurtenisse.
• Die skrywer b ied sy/haar evaluering van die dag se gebeure aan.
• Skryf vanuit die skrywer se perspektief; die eerstepersoonsvertelling is die mees gepaste benadering.
• Die taalkeuse is eenvoudige en tot die punt.
• Die toon kan bepaal word deur die aard van die inskrywing.

**1.1.4 Poësie**

- Skryf oor waarnemings en ervarings:
  -- die mens;
  -- natuur;
  -- sosiale aangeleenthede;
  -- tegnologie, ens.
- Volg ’n struktuur: titel, verse.
- Gebruik poëtiese taal.
- Laat digterlike vryheid toe, bv. ignoreer leestekens of taalstrukture.

**1.2 Die onderwyser se rol in die bevordering van kreatiwiteit**

Robertson meen reeds in 1980 dat daar vier belangrike rolle is wat die onderwyser in die bevordering van kreatiwiteit by kinders kan speel:

1.2.1 “Die eerste rol hou verband met die houding van onderwysers. Die onderwyser behoort kreatiwiteit te waardeer en probeer om hierdie waarde aan die studente oor te dra. As meer waarde aan konformerende gedrag geheg word, sal die kinders voel dat hul pogings tot iets nuuts vrugteloos is en hulle sal leer om te doen 'wat die onderwyser van hulle verwag'. 'n Oop, ontvanklike en aanvarende houding van die onderwyser is inderdaad baie belangrik as kreatiwiteit in die klaskamers wil groei en floreer.”

1.2.2 “Die tweede rol wat die onderwyser kan speel, hou verband met die klaskamerorganisasie. Daar bestaan bewyse wat suggereer dat sommige kinders meer skeppend te werk gaan in 'n omgewing wat oop en vry is, waarin die kind die geleentheid kry om iets wat vir hom betekenis het en belangrik is, te lewer. Daar bestaan ander bewyse wat aandui dat sommige kinders geneig is om grense af te breek en meer kreatiewe response te lewer wanneer hulle gedwing word om ou opvattings en idees af te takel om iets nuuts te vind. Die slim onderwyser soek oor die grense van die kurrikulum heen na organisasiepatrone wat

© Dr Estelle Kruger 2014 ekruger@sun.ac.za

genoegsaam uiteenlopend is om die kinders se kreatiwiteit in staat te stel om organisatoriese steun te verkry, soos bv in leerervarings, materiaal, die plasing binne groepe, ens."

1.2.3 "Hierdie organisatoriese rol staan nou in verband met die derde rol van die onderwyser as die samesteller van kurrikulumervarings. Oopheid, buigsaamheid en diversiteit manifesteer in verskillende georganiseerde patrone (soms as klas as geheel, soms in klein groepies, soms as individue, soms saam met die onderwyser). Hierdie patrone spruit uit die besef van die interverbandhouding van die ondervindings van kinders, oor kurrikulêre grense heen wat kunsmatig mag voorkom. Die dertig minuut lange kreatiewe skryfafdeling of die twintig-minuut-lange, kreatiewe, grafiese afdeling kan die integriteit van die kinders se leerervaring oormatig skend. Kinders prosesseer inligting, stoor en hou rekord van wat hulle sien, voel, hoor, doen en dink. Hul innerlike sisteem werk binne die raamwerk van verwerking en opneem van nuwe ondervindings en 'n herstrukturering van hul eie reeds ervaarde werklikheid. Dit blyk dus logies te wees om die kurrikulumervarings so te struktureer dat daar ooreenstemming tussen die doelstellings van skoling en die ontwikkelingsprosesse binne die kind self is. As eienskappe soos verbeelding, nuuskierigheid, 'n soeke na iets nuuts, en 'n strewe na nuwe ontdekkings ontwikkel wil word, is die daarstelling van geskikte kurrikulêre ondervindings deur die onderwyser van kardinale belang."

1.2.4 "In die vierde plek moet die onderwyser daartoe in staat wees om oorspronklikheid te herken en dit te beloon. Kinders kan vyandig gesind raak as al hul 'skeppings' hoog aangeslaan word deur die onderwyser. 'n Kind wat byvoorbeeld 'n misvormde, lekkende pot van klei gemaak het, weet dat daar 'n verskuiwing van evaluasiekriteria by die onderwyser plaasgevind het as die onderwyser haar pot as 'goed' bestempel. Kinders het hul eie interne standaarde van evaluasie wat gelykstaande aan die van die onderwyser gestel kan word. Dikwels weet hulle wanneer hulle eie werk goed is. Alhoewel self- monitering aangemoedig moet word, moet die onderwyser nogtans die kreatiewe produkte van die kind op so 'n wyse selekteer dat hulle objektief sowel as subjektief ge-evalueer kan word." (Robertson, 1980, bl 6-7).

Nadat ons gesien het wat die beleidsdokumente voorskryf en wat die rol van die onderwyser in die stimulasie en ontwikkeling van kreatiwiteit is, is dit nodig om in meer diepte te kyk na wat kreatiwiteit dan eintlik is.

## 2. WAT IS KREATIWITEIT?

Hoewel die meeste mense kreatiwiteit assosieer met verskillende estetiese artefakte of produkte (dans, drama, musiek, visuele kunswerke, beeldhou, argitektuur en letterkunde), is daar ook verskeie prosesse en latente kreatiewe eienskappe van alle mense wat in poësie-skryfonderrig geïntegreer kan word.

Hieronder volg 'n uiteensetting van 'n verskeidenheid elemente waarin kreatiwiteit opgesluit lê (produkte, prosesse en latente eienskappe). Daarna word verbeelding in 'n vloeidiagram uitgebeeld as belangrike aspek van kreatiewe denke. Uiteindelik word ook wenke gegee hoe nuwe denke bevorder kan word in die onderrig van kreatiewe skryf.

### 2.1 Elemente van kreatiwiteit

© Dr Estelle Kruger 2014 ekruger@sun.ac.za

### 2.1.1 Produkte

Kunste: drama, musiek, visuele, beeldhou, woordkuns, dans, argitektuur, leierskap, wetenskaplike uitvindings, ekonomiese intrepreneurskap, strategiese innovasie

### 2.1.2 Prosesse

- Voorsien inspirasie
- Eksplorasie (verkenning)
- Sintuiglike ervaring en waarneming d.m.v. klei, sand, water, konkrete items
- Verbinding met natuur en/of konteks
- Manipulasie
- Visualisering
- Waarneming
- Improvisasie
- Integrasie van keuse- en kansfaktore
- Groep-sinergie en/of onafhanklikheid
- Humor en spel (deurbreek /oorsteek van grense)
- Skep van misterie en intrige
- Die maak van nuwe kombinasies
- Skep van verrassings
- Nabootsing
- Skep van metafore en beelde
- Organisasie
- Inkubasie met stilte en/of musiek
- Illuminasie
- Herorganisasie van material en gedagtes
- Verifikasie

### 2.1.3 Eienskappe

Laterale denke (Vlotheid van idees, Buigsaamheid van idees, Uitbreiding van idees), Begeertes, drome en ideale, Nuuskierigheid, Onafhanklikheid, Sensualiteit (liggaamlike energie), Intuïsie, spiritualiteit ("connectedness"), Verwondering oor misterie en intrige, Gevoelens, Verbeelding, Verdraagsaamheid t.o.v. paradokse en ambivalensie, Moed om deel te neem en risiko's te neem

## 3. WENKE OM KREATIEWE DENKE TE STIMULEER

- Assosieer nuwe en unieke idees met oues
- Gebruik verskillende kleure
- Gebruik verskillende vorms
- Verander die grootte
- Sien dit van 'n ander perspektief (uit 'n ander oog)
- Herrangskik
- Verander vorige konsepte (Wat is onmoontlik?)
- Maak daarvan 'n estetiese objek
- Plaas dit in 'n emosionele/sosiale konteks
- Laat dit beweeg
- Gee dit klank

© Dr Estelle Kruger 2014 ekruger@sun.ac.za

## 4. KRITERIA VIR DIE ONDERRIG VAN KREATIWITEIT DEUR DIE LEES VAN STORIES (Demetrulias, 1992)

- ✓ Toon enige van die karakters vlotheid en die generasie van baie verskillende idees?
- ✓ Toon enige van die karakters buigsaamheid (veelvoudige perspektiewe of ongewone standpunte)?
- ✓ Toon enige van die karakters oorspronklikheid en verbeelding?
- ✓ Word enige van die karakters uitgebeeld in probleemoplossende situasies wat alternatiewe oplossings vereis?
- ✓ Is daar letterkundige tekste beskikbaar oor bekende en kreatiewe persone wat aandag gee aan hulle kreatiewe eienskappe en produkte?
- ✓ Is daar enige van die karakters wat 'n openheid vir nuwe ervarings wys, onafhanklikheid, selfvertroue, nuuskierigheid en onkonvensionele optrede?
- ✓ Toon die verteller 'n verskeidenheid van geslagte, rasse en kulturele groepe betrokke in kreatiewe gedagtes of aksies?

Dit is duidelik dat kreatiwiteit produkte, prosesse en (latente) eienskappe van alle mense behels. Die onderwyser kan 'n groot bydrae lewer in die prosesse enersyds, en andersyds deur te glo daarin dat alle leerders die vermoë tot kreatiwiteit het.

**BRONNE**


Demetrulias, D.M. 1992. Developing intellectual creativity through children's literature for preschoolers through third grade. In: *Education.* Vol. 112(3).

Departement van Onderwys. 2002. *Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Grade R-9 (skole).* Kaapstad: Departement van Onderwys.

Department of Basic Education. 2011. Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV). Graad 4-6. Afrikaans Huistaal. Pretoria.

Department of Basic Education. 2011. Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV). Graad 7-9. Afrikaans Huistaal. Pretoria.

Robertson, G. 1980. Ongepubliseerde klasaantekeninge oor kreatiwiteit aan onderwysstudente. Pietermaritzburg: Natalse Onderwyskollege.